Bogenoemde punte sal deur staalrakke aangedui word en daar mag slegs vanaf sodanige staalrakke nuusblaai en tydskrifte verkoop word.

PB. 2-4-2-47-22

Administrator's Notice 1204 23 September, 1981

ORKNEY MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Orkney Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1946, dated 28 December, 1977, as amended, are hereby further amended, by the substitution in item 2 of the Tariff of Charges under the Schedule for the figure "15,38c" of the figure "18c".

The provisions in this notice contained shall be deemed to have come into operation for all accounts rendered in respect of readings taken after 1 July, 1981.

PB. 2-4-2-104-99

Administrator's Notice 1205 23 September, 1981

OTTOSDAL MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the bylaws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Ottosdal Municipality, published under Administrator's Notice 332, dated 25 March 1981, is hereby amended, by the addition after item 3 of the following:

"4. Blocked Drains.

For the opening of blocked drains, for each opening: R10."

PB. 2-4-2-81-100

Administrator's Notice 1206 23 September, 1981

OTTOSDAL MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD FINANCIAL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Ottosdal has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the Standard Financial Bylaws, published under Administrator's Notice 488, dated 6 May 1981, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-173-100

Administrator's Notice 1207 23 September, 1981

SANDTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been ap-

Administrateurskennisgewing 1204 23 September 1981

MUNISIPALITEIT ORKNEY: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Orkney, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1946 van 28 Desember 1977, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 2 van die Tarief van Gelde onder die Bylae die syfer "15,38c" deur die syfer "18c" te vervang.

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, word geag in werking te getree het vir alle rekenings gelewer ten opsigte van lesings geneem na 1 Julie 1981.

PB. 2-4-2-104-99

Administrateurskennisgewing 1205 23 September 1981

MUNISIPALITEIT OTTOSDAL: WYSIGING VAN SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Ottosdal, afgekondig by Administrateurskennisgewing 332 van 25 Maart 1981, word hierby gewysig deur na item 3 die volgende by te voeg:

"4. Verstoppte Riiolpype.

Vir die oopmaak van verstoppte riiolpype, vir elke skoonmaak: R10."

PB. 2-4-2-81-100

Administrateurskennisgewing 1206 23 September 1981

MUNISIPALITEIT OTTOSDAL: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARD-FINANSIËLE VERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Ottosdal ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie, die wysiging van die Standaard-Finansiële Verordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 488 van 6 Mei 1981, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-173-100

Administrateurskennisgewing 1207 23 September 1981

MUNISIPALITEIT SANDTON: WYSIGING VAN RIOLERINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom inge-

proved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage By-laws of the Sandton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 265, dated 1 March 1978, as amended, are hereby further amended by amending Schedule B of the Tariff of Charges as follows:

- 1. By the substitution in Part II—
- (a) for item 1 of the following:

"1. Where any piece of land as defined in section 1, whether or not there are any improvements thereon is or, in the opinion of the Council, can be connected to any sewer, the owner or occupier of that land shall pay to the Council an availability charge based on the area of such land calculated as follows:

Area of Land in Square Metres	Charge per Half-year R
1 to 999	24,00
1000 to 1499	27,00
1500 to 1999	30,00
2000 to 2499	33,00
2500 to 2999	39,00
3000 to 3499	42,00
3500 to 3999	45,00
4000 to 4499	48,00
4500 to 4999	57,00
5000 to 5499	60,00
5500 and over	78,00

Provided that the foregoing provisions shall *mutatis mutandis* apply to every portion into which such land may be subdivided in terms of consent granted by the Administrator or the Council, as the case may be, whether or not such subdivision has been registered in a deeds registry, with effect from a date six months after 12 November, 1975, or from a date six months after such consent, whichever is the later date;"

- (b) in item 2 for the word "basic" of the word "availability"; and
- (c) in item 3(8) for the figures "18c" and "R8,75," of the figures "20c" and "R18,00" respectively.

- 2. By the substitution in item 2 of Part III for the figure "R48" of the figure "R64,50".
- 3. By the substitution in Part IV for the figure "R23,50" of the figure "R31,60".
- 4. By the substitution in Part V for the figure "R10,50" of the figure "R14,10".
- 5. By the substitution in item 1(b) of Part VI for the expressions " $k_l = 8,80 + 0,046 (PV-80)$ " and "9,80 cents", of the expressions " $k_l = 11,90 + 0,062 (PV-80)$ " and "13,50 cents" respectively.

volge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Rioleringsverordeninge van die Munisipaliteit Sandton, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 265 van 1 Maart 1978, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Bylae B van die Tarief van Gelde soos volg te wysig:

- 1. Deur in Deel II—
- (a) item 1 deur die volgende te vervang:

"1. Waar enige stuk grond soos in artikel 1 omskryf, hetsy daar enige verbeterings op is al dan nie, by enige straatriool aangesluit is, of na die mening van die Raad daarby aangesluit kan word, moet die eienaar of bewoner van daardie grond 'n beskikbaarheidsheffing, wat op die grootte van sodanige grond gebaseer is, en wat soos volg bereken word, betaal:

Grootte van Grond in Vierkante Meters	Heffing per Half-jaar R
1 tot 999	24,00
1000 tot 1499	27,00
1500 tot 1999	30,00
2000 tot 2499	33,00
2500 tot 2999	39,00
3000 tot 3499	42,00
3500 tot 3999	45,00
4000 tot 4499	48,00
4500 tot 4999	57,00
5000 tot 5499	60,00
5500 en groter	78,00

Met dien verstande dat die vooraangaande bepalinge *mutatis mutandis* van toepassing is op elke gedeelte waarin sodanige stuk grond onderverdeel kan word, ingevolge toestemming verleen deur die Administrateur of die Raad, na gelang van die geval, ongeag of sodanige onderverdeling in 'n akteskantoor geregistreer is, al dan nie, met ingang van 'n datum ses maande na 12 November 1975, of van 'n datum ses maande na sodanige toestemming, watter datum ook al die laaste is";

- (b) in item 2 die woorde "basiese heffing" deur die woord "besikbaarheidsheffing" te vervang; en
- (c) in item 3(8) die syfers "18c" en "R8,75" onderskeidelik deur die syfers "20c" en "R18,00" te vervang.

- 2. Deur in item 2 van Deel III die syfer "R48" deur die syfer "R64,50" te vervang.
- 3. Deur in Deel IV die syfer "R23,50" deur die syfer "R31,60" te vervang.
- 4. Deur in Deel V die syfer "R10,50" deur die syfer "R14,10" te vervang.
- 5. Deur in item 1(b) van Deel VI die uitdrukkings " $k_l = 8,80 + 0,046 (PV-80)$ " en "9,80 sent" onderskeidelik deur die uitdrukkings " $k_l = 11,90 + 0,062 (PV-80)$ " en "13,50 sent" te vervang.

Administrator's Notice 1208 23 September, 1981

STANDERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO FIRE DEPARTMENT BY-LAWS.

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Fire Department By-laws of the Standerton Municipality published under Administrator's Notice 587 dated 25 July 1956, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 15 for the expression "R40 for the first hour or part thereof, thereafter R20 per hour or part thereof" of the expression "R100 for the first hour or part thereof per fire brigade vehicle thereafter R60 per hour or part thereof per fire brigade vehicle."

PB. 2-4-2-41-33

Administrator's Notice 1209 23 September, 1981

STANDERTON MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD FINANCIAL BY-LAWS.

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Standerton has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the Standard Financial By-laws, published under Administrator's Notice 488, dated 6 May 1981, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-173-33

Administrator's Notice 1210 23 September, 1981

STANDERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Standerton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1273, dated 31 August, 1977, as amended, are hereby further amended by amending item 1 of the Tariff of Charges under the Schedule by the substitution for the figure "R3,60" of the figure "R4,60".

PB. 2-4-2-104-33

Administrator's Notice 1211 23 September, 1981

STANDERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TRAFFIC BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 166 of the Road Traffic Ordinance, 1966, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first mentioned Ordinance.

Administrateurskennisgewing 1208 23 September 1981

MUNISIPALITEIT STANDERTON: WYSIGING VAN BRANDWEERAFDELINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Brandweerafdelingsverordeninge van die Munisipaliteit Standerton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 587 van 25 Julie 1956, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 15 die uitdrukking "R40" vir die eerste uur of gedeelte van 'n uur, daarna R20 per uur of gedeelte van 'n uur" deur die uitdrukking "R100 vir die eerste uur of gedeelte daarvan per brandweervoertuig, daarna R60 per uur of gedeelte daarvan, per brandweervoertuig." te vervang.

PB. 2-4-2-41-33

Administrateurskennisgewing 1209 23 September 1981

MUNISIPALITEIT STANDERTON: AANNAME VAN DIE WYSIGING VAN STANDAARD FINANSIELE VERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Standerton ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie, die wysiging van die Standaard-Finansiële Verordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 488 van 6 Mei 1981, aangenem het as verordeninge wat deur die genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-173-33

Administrateurskennisgewing 1210 23 September 1981

MUNISIPALITEIT STANDERTON: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Standerton, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1273 van 31 Augustus 1977, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 1 van die Tarief van Gelde onder die Bylae die syfer "R3,60" deur die syfer "R4,60" te vervang.

PB. 2-4-2-104-33

Administrateurskennisgewing 1211 23 September 1981

MUNISIPALITEIT STANDERTON: WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 166 van die Ordonnansie op Padverkeer 1966, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die cersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

The Traffic By-laws of the Standerton Municipality published under Administrator's Notice 243 dated 21 March, 1981, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the deletion of Chapter VIII.
2. By the deletion of item 8 of Schedule A under Annexure XXIV.

PB. 2-4-2-98-33

Administrator's Notice 1212 23 September, 1981

STILFONTEIN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE BY-LAWS.

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage By-laws of the Stilfontein Municipality adopted by the Council under Administrator's Notice 1920, dated 21 December, 1977, as amended are hereby further amended by amending item 3 of Part I of the Schedule as follows:

1. By the substitution in subitem (1) —
 - (a) in paragraph (a) for the figure "R1,50" of the figure "R2"; and
 - (b) in paragraph (b) for the figure "75c" of the figure "R1".
2. By the substitution in subitem (2), (3) and (4) for the figure "R3" of the figure "R5".

PB. 2-4-2-34-115

Administrator's Notice 1213 23 September, 1981

SWARTRUGGENS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO THE TARIFF OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF WATER.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Charges for the Supply of Water of the Swart-ruggens Municipality published under Appendix C of Administrator's Notice 677, dated 6 September, 1961 as amended, are hereby further amended by the substitution for item 2 of Part 1 of the following:

"2. Charges for the Supply of Water, per Month.

- (1) Domestic or Business Purposes.
 - (a) Per kl or part thereof: 23c.
 - (b) Minimum charge per month: R4,60.
- (2) Water supplied to the Western Transvaal Administration Board for the black township: At cost price."

PB. 2-4-2-104-67

Die Verkeersverordeninge van die Munisipaliteit Standerton afgekondig by Administrateurskennisgewing 243 van 21 Maart 1951, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur Hoofstuk VIII te skrap.
2. Deur item 8 van Bylae A onder Aanhangsel XXIV te skrap.

PB. 2-4-2-98-33

Administrateurskennisgewing 1212 23 September 1981

MUNISIPALITEIT STILFONTEIN: WYSIGING VAN RIOLERINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Rioleringsverordeninge van die Munisipaliteit Stilfontein aangeneem by Administrateurskennisgewing 1920 van 21 Desember 1977 soos gewysig word hierby verder gewysig deur item 3 van Deel I van die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur in subitem (1) —
 - (a) in paragraaf (a) die syfer "R1,50" deur die syfer "R2" te vervang; en
 - (b) in paragraaf (b) die syfer "75c" deur die syfer "R1" te vervang.
2. Deur in subitems (2), (3) en (4) die syfer "R3" deur die syfer "R5" te vervang.

PB. 2-4-2-34-115

Administrateurskennisgewing 1213 23 September 1981

MUNISIPALITEIT SWARTRUGGENS: WYSIGING VAN DIE TARIEF VAN GELD VIR DIE LEWERING VAN WATER.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Gelde vir die Lewering van Water van die Munisipaliteit Swart-ruggens, afgekondig onder Aanhangsel C van Administrateurskennisgewing 677 van 6 September, 1961, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 2 van Deel 1 deur die volgende te vervang:

"2. Vorderings vir die Lewering van Water, per Maand.

- (1) Huishoudelike of Besigheidsdoeleindes.
 - (a) Per kl, of gedeelte daarvan: 23c.
 - (b) Minimum heffing per maand: R4,60.
- (2) Water gelewer aan die Wes-Transvaalse Administrasieraad vir die Swartdorp: Teen kosprys."

PB. 2-4-2-104-67

Administrator's Notice 1214 23 September 1981

SWARTRUGGENS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Swart-ruggens Municipality published under Administrator's Notice 956, dated 4 June, 1975, as amended is hereby further amended by the substitution for item 3 of the following:

"3. Removal of Sewage.

(1) For each load of 7 kl or part thereof in the month: R4.

(2) Minimum monthly charge: R4."

PB. 2-4-2-81-67

Administrator's Notice 1215 23 September, 1981

WITBANK MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Witbank Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1400, dated 23 August, 1972, as amended, are hereby further amended by the deletion in item 1(1) of the Tariff of Charges under the Schedule of the following:

"per stand for the first 10 000 m² and thereafter 50c per 1 000 m² to a maximum of R10 per month or part thereof."

PB. 2-4-2-36-39

Administrator's Notice 1216 23 September, 1981

BRAKPAN MUNICIPALITY: NOISE CONTROL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

DEFINITIONS.

1. For the purposes of these by-laws, unless the context otherwise indicates —

"ambient sound level" means the reading on an integrating sound level meter measured at the measuring point at the end of a total period of at least ten minutes after such integrating sound level meter has been put into operation during which period a noise alleged to be a disturbing noise is absent;

Administrateurskennisgewing 1214 23 September 1981

MUNISIPALITEIT SWARTRUGGENS: WYSIGING VAN SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGS-TARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Swart-ruggens, afgekondig by Administrateurskennisgewing 956 van 4 Junie 1975, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 3 deur die volgende te vervang:

"3. Verwydering van Roolvuil.

(1) Vir elke vrag van 7 kl of gedeelte daarvan in die maand: R4.

(2) Minimum maandelikse heffing: R4."

PB. 2-4-2-81-67

Administrateurskennisgewing 1215 23 September 1981

MUNISIPALITEIT WITBANK: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Witbank, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1400 van 23 Augustus 1972, soos gewysig word hierby verder gewysig deur in item 1(1) van die Tarief van Gelde onder die Bylae die volgende te skrap:

"per perseel vir die eerste 10 000 m² en daarna 50c per 1 000 m² tot 'n maksimum van R10 per maand of gedeelte daarvan."

PB. 2-4-2-36-39

Administrateurskennisgewing 1216 23 September 1981

MUNISIPALITEIT BRAKPAN: GERAASBESTRYDINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Woordomskrywing.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken —

"geraaspeil" die aflesing op 'n integrerende klankpeilmeter wat by die meetpunt geneem is aan die einde van 'n redelike tydperk van ten minste tien minute nadat die integrerende klankpeilmeter in werking gestel is, gedurende welke tydperk die geraas wat na bewering 'n steurende geraas is, teenwoordig is, by welke aflesing 5dB(A) gevog word indien die steurende geraas 'n suiwertoonkomponent bevat of impulsief van aard is;

"Chief Officer: Health Services" means the Chief Officer: Health Services of the Council or any person duly authorized by the Council to act on his behalf;

"Council" means the Town Council of Brakpan and includes the Management Committee and any officer of the Council acting by virtue of any power vested in the Council by these by-laws and which is delegated to such committee or officer in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960;

"disturbing noise" means a noise level which exceeds the ambient sound level by 7dB(A) or more, and "disturbing" in relation to a noise shall have a corresponding meaning;

"integrating sound level" means a device integrating a function of sound pressure over a period of time and indicating the result in dB(A), which dB(A) indication is a function of both the sound level and the duration of exposure to the sound during the period of measurement;

"measuring point" means —

- (a) in relation to a piece of land from which a disturbing noise is emitted, a point beyond the vertical boundaries of the land concerned where, in the opinion of the Chief Officer: Health Services, noise should be measured in accordance with the provisions of section 3; or
- (b) in relation to a multi-occupancy building, a point in such building where, in the opinion of the Chief Officer: Health Services, a disturbing noise should be measured in accordance with the provisions of section 3;

"noise level" means the reading on an integrating sound level meter taken at the measuring point at the end of a reasonable period after the integrating sound level meter has been put into operation during which period the noise alleged to be a disturbing noise is present, to which reading 5dB(A) is added if the disturbing noise contains a pure tone component or is of an impulsive nature;

Noise Exceeding Ambient Sound Level.

2. No person shall make, produce, cause or permit to be made or produced by any person, machine, animal, bird, device or apparatus or any combination of these, a noise which is a disturbing noise.

Measuring of Ambient Sound Level and Noise Level.

3.(1) When the ambient sound level or noise level is measured or read in terms of these by-laws such measurement or reading shall be done in the case of —

- (a) outdoor measurements on a piece of land with the microphone of the integrating sound level meter at least 1,2 m but not more than 1,4 m above the ground and at least 3,5 m distant from walls, buildings or other sound-reflecting surfaces;
- (b) indoor measurements in a room or enclosed space with the microphone of the integrating sound level meter at least 1,2 m but not more than 1,4 m above the floor and at least 1,2 m distant from any wall, with all the windows and outside doors of such room or enclosed space completely open.

(2) The microphone of and integrating sound level meter shall at all times be equipped with a wind shield.

"Hoof: Gesondheidsdienste" die Hoof: Gesondheidsdienste van die Raad of iemand wat behoorlik deur die Raad gemagtig is om namens hom op te tree;

"integrerende klankpeilmeter" 'n toestel wat 'n funksie van klankdruk oor 'n tydperk integreer en die resultaat in dB(A) aandui, welke dB(A)-aanduiding 'n funksie is van beide die klankpeil en die duur van die blootstelling aan die klank gedurende die meettydperk;

"meetpunt" —

- (a) met betrekking tot 'n stuk grond waarvandaan 'n steurende geraas afkomstig is, 'n punt anderkant die vertikale grense van die betrokke grond waar daar, na die oordeel van die Hoof: Gesondheidsdienste, 'n steurende geraas gemeet behoort te word ooreenkomstig die bepalings van artikel 3; of
- (b) met betrekking tot 'n gebou met meer as een okkupant, 'n punt in sodanige gebou waar 'n steurende geraas, na die mening van die Hoof: Gesondheidsdienste, ooreenkomstig die bepalings van artikel 3 gemeet behoort te word;

"omgewingsklankpeil" die aflesing op 'n integrerende klankpeilmeter wat by die meetpunt geneem is, aan die einde van 'n totale tydperk van minstens tien minute nadat sodanige integrerende klankpeilmeter in werking gestel is gedurende welke tydperk 'n geraas wat na bewering 'n steurende geraas is, afwesig is;

"Raad" die Stadsraad van Brakpan en behels dit die Bestuurskomitee of enige raadsbeamppte wat handel uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960, aan sodanige komitee of beamppte gedelegeer is;

"steurende geraas" 'n geraaspeil wat die omgewingsklankpeil met 7dB(A) of meer oorskry, en het "steurend" met betrekking tot 'n geraas, 'n ooreenstemmende betekenis.

Geraas wat Ongewingsklankpeil Oorskry.

2. Niemand mag 'n geraas w ta'n steurende geraas is, maak, voortbring, veroorsaak of toelaat dat dit gemaak of voortgebring word deur enige persoon, masjien, dier, voël, toestel of apparaat of enige kombinasie hiervan nie.

Meting van Ongewingsklankpeil en Geraaspeil.

3.(1) Wanneer die omgewingsklankpeil of geraaspeil ingevolge hierdie verordeninge gemeet of afgelees word word sodanige meting of aflesing gedoen in die geval van —

- (a) buitenshuise metings op 'n stuk grond met die mikrofoon van die integrerende klankpeilmeter minstens 1,2 m maar hoogstens 1,4 m bokant die grond en minstens 3,5 m weg van mure, geboue of ander klankweerkaatsende oppervlakte af;
- (b) binneshuise metings in 'n vertrek of ingeslote ruimte met die mikrofoon van die integrerende klankpeilmeter minstens 1,2 m maar hoogstens 1,4 m bokant die vloer en minstens 1,2 m weg van enige muur af, met al die vensters en buitedeure van sodanige vertrek of ingeslote ruimte heeltemal oop.

(2) Die mikrofoon van 'n integrerende klankpeilmeter word te alle tye van 'n windschild voorsien.

Powers of the Chief Officer: Health Services.

4.(1) If the Chief Officer: Health Services, as the result of a complaint lodged with him, is satisfied that a noise emanating from any building, premises or street is a disturbing noise, he may, in a written notice, instruct the person causing or responsible for the disturbing noise or the owner of such building or premises on which the disturbing noise is caused, or both of them, within a period specified in such notice to stop such noise or have it stopped or take the necessary steps to reduce the disturbing noise level which complies with the provisions of these by-laws: Provided that if the Chief Officer: Health Services is satisfied that the disturbing noise is due to or caused by —

(a) the working of —

- (i) a machine or apparatus which is necessary for the maintenance or repair of property, or the protection of life, property or public services;
- (ii) garden equipment;
- (iii) a machine or device, the noise level of which has, in the opinion of the Chief Officer: Health Services been reduced or muffled according to the best practicable methods and which continues to be disturbing;

(b) a sports meeting; or

(c) circumstances or activities beyond the control of the person responsible for causing the disturbing noise,

he may, whether generally or specifically, after written representation to the Chief Officer: Health Services by the person who caused or was responsible for the disturbing noise, permit the working of such machine, apparatus or device, or such sports meeting or circumstances or activities, to continue, subject to such conditions as he deems fit.

(2) Any person who fails to comply with an instruction in terms of subsection (1) commits an offence.

Noise Disturbance.

5. Notwithstanding the foregoing provisions of these by-laws, no person shall —

- (a) in any street or public place or in any premises between 22h00 and 06h00 shout, sing or otherwise make any loud noise;
- (b) operate, play or sanction the operation or playing of any radio, television set, phonograph, drum, musical instrument, sound amplifier or similar device which produces, reproduces or amplifies sound;
- (c) operate or sanction the operation of any warning device, siren, hooter, or any similar device, other than in an emergency or when required by law;
- (d) sanction or passively allow any burglar alarm device to sound either continuously intermittently for more than 20 minutes after it has begun sounding;
- (e) keep, possess or harbour on any premises, any animal or bird, or sanction the keeping, possession or

Bevoegdheid van die Hoof: Gesondheidsdienste.

4.(1) Indien die Hoof: Gesondheidsdienste as gevolg van 'n klag wat by hom ingedien is, daarvan oortuig is dat 'n geraas wat van enige gebou, perseel of straat afkomstig is 'n steurende geraas is, kan hy die persoon wat sodanige geraas veroorsaak of daarvoor verantwoordelik is of die eienaar van sodanige gebou of perseel waar sodanige geraas veroorsaak of daarvoor verantwoordelik gelas om binne 'n tydperk wat in sodanige lasgewing vermeld is, sodanige geraas te staak of te laat staak of om die nodige stappe te doen om die peil van die steurende geraas te verlaag tot 'n peil wat aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen: Met dien verstande dat, indien die Hoof: Gesondheidsdienste daarvan oortuig is dat die steurende geraas te wyte is aan, of veroorsaak word deur —

(a) die werking van —

- (i) 'n masjien or apparaat wat nodig is vir die instandhouding of herstel van eiendom of die beskerming van lewe, eiendom of openbare dienste;
- (ii) tuintoerusting;
- (iii) 'n masjien of toestel waarvan die geraaspeil na die Hoof: Gesondheidsdienste se mening volgens die bes uitvoerbare metodes verlaag of gedemp is en wat dan nog steurend is;

(b) 'n sportbyeenkoms; of

(c) omstandighede of aktiwiteite buite die beheer van die persoon verantwoordelik vir die veroorsaking van die steurende geraas,

hy, nadat die persoon wat die steurende geraas veroorsaak het of daarvoor verantwoordelik is skriftelik vertoë tot die Hoof: Gesondheidsdienste gerig het, oor die algemeen of in die besonder kan toelaat dat die werking van sodanige masjien, apparaat of toestel of sodanige sportbyeenkoms, omstandigheid of aktiwiteit voortgesit word, op sodanige voorwaardes wat hy dienstig ag.

(2) Iemand wat versum om aan 'n lasgewing ingevolge subartikel (1) te voldoen, begaan 'n misdryf.

Geraassteurnis.

5. Ondanks die voorafgaande bepalings van hierdie verordeninge, mag niemand —

- (a) in enige straat of openbare plek of in enige perseel tussen 22h00 en 06h00 skreeu, sing of andersins enige harde geraas maak;
- (b) enige radio, televisiestel, fonograaf, trom, musiek-instrument, klankversterker of soortgelyke toestel wat klank voortbring, weergee of versterk, bedien, bespeel of die bediening of bespeling daarvan magtig;
- (c) enige waarskutoestel, sirene, toeter of enige soortgelyke toestel gebruik of die gebruik daarvan magtig behalwe in 'n noodgeval of wanneer dit regtens vereis word;
- (d) magtiging verleen of passief toelaat dat enige diefalarmtoestel of aanhoudend of met tussenpose van langer as 20 minute lui nadat dit begin lui het.
- (e) op enige perseel enige dier of voël aanhou, in besit hê of skuiling gee of dit goedkeur dat enige dier

harbouring on any premises of any animal or bird;
or

- (f) operate or sanction the operation of any lawnmower, other garden machinery or power operated tool between 14h00 and 16h00 on a Sunday;

which may, or in a manner which may, disturb or hinder the comfort, convenience, peace or quiet of the public.

Right of Entry.

6. Any authorized officer of the Council may, for any purpose connected with the enforcement of these by-laws, and without previous notice, enter any property and make such examination, enquiry and inspection thereon as he deems fit, and he or any person instructed by him may take such steps as may be necessary to silence any noise for the purpose of determining the ambient sound level.

Obstruction.

7. Any person who fails or refuses to give access to any officer of the Council authorized by the Chief Officer: Health Services or by the Council to enter upon and inspect any property, or obstruct or hinder such officer in the execution of his duties under these by-laws, or fails or refuses to give information that he may lawfully be required to give, or, give to such officer false or misleading information knowing it to be false or misleading, commits an offence.

Offences and Penalties.

8. Any person who —

- (a) contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws; or
(b) fails to comply with an instruction given or condition imposed in terms of section 4,

shall be guilty of an offence and shall, upon conviction, be liable to a fine not exceeding R300 or to imprisonment for a period not exceeding 12 months, or to both such fine and imprisonment, and in the case of a continued offence, to a fine not exceeding R50 for each day on which such offence continues.

PB. 2-4-2-65-9

Administrator's Notice 1217 23 September, 1981

SWARTRUGGENS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO CEMETERY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Cemetary Regulations of the Swartruggens Municipality, published under Administrator's Notice 187 dated 9 April, 1972, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Tariff of Charges of the following:

of voël op enige perseel aangehou of deur iemand in sy besit gehou of skuiling gegee word; of

- (f) enige grassnyer, ander tuinmasjinerie of kraggereedskap tussen 14h00 en 16h00 op 'n Sondag gebruik of dit magtig dat dit gebruik word,

wat, of op 'n manier wat, die gemak, gerief, rus of stilte van die publiek kan versteur of belemmer nie.

Reg van Toegang.

6. Enige gemagtigde beampte van die Raad kan vir enige doel wat verband hou met die toepassing van hierdie verordeninge, en sonder om vooraf kennis te gee, enige eiendom betree en sodanige ondersoek, navraag en inspeksie daarop doen wat hy dienstig ag, en hy, of enige persoon aan wie hy opdrag gegee het, kan sodanige stappe doen wat nodig is om die geraas stil te maak vir die doel om die omgewingsklankpeil te bepaal.

Dwarsboming.

7. Iemand wat versuim of weier om toegang te verleen aan 'n beampte van die Raad wat deur die Hoof: Gesondheidsdienste of deur die Raad gemagtig is om 'n eiendom te betree en te inspekteer, of sodanige beampte dwarsboom of hinder in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie verordeninge, of versuim of weier om inligting wat regtens van hom vereis kan word, te verstrek, of valse of misleidende inligting aan sodanige beampte verstrek met die wete dat die vals of misleidend is, begaan 'n misdryf.

Misdrywe en Strawwe.

8. Enige persoon wat —

- (a) enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
(b) versuim om te voldoen aan 'n opdrag wat gegee word of 'n voorwaarde wat gestel word ingevolge artikel 4,

is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of met beide sodanige boete en gevangenisstraf en in die geval van 'n voortgesette oortreding, aan 'n boete van hoogstens R50 vir elke dag waarop sodanige oortreding voortduur.

PB. 2-4-2-65-9

Administrateurskennisgewing 1217 23 September 1981

MUNISIPALITEIT SWARTRUGGENS: WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Begraafplaasregulasies van die Munisipaliteit Swartruggens, afgekondig by Administrateurskennisgewing 187 van 9 April 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde deur die volgende te vervang:

"TARIFF OF CHARGES.

1. Residents of the Municipality.

(1) For the opening and closing of a grave:

- (a) Large: R20.
- (b) Small: R15.

(2) Reservation of graves, per grave:

- (a) Large: R20.
- (b) Small: R15.

2. Non-residents of the Municipality.

(1) For the opening and closing of a grave:

- (a) Large: R40.
- (b) Small: R25.

(2) Reservation of graves, per grave:

- (a) Large: R40.
- (b) Small: R25.

(3) The charge payable in terms of items 1(2) and 2(2) shall not include the opening and closing of a grave."

PB. 2-4-2-23-67

Administrator's Notice 1218 23 September, 1981

CORRECTION NOTICE.

PRETORIA MUNICIPALITY: ELECTRICITY TARIFF.

Administrator's Notice 952 dated 19 August, 1981 is hereby corrected by —

- (a) the substitution in the second paragraph of item 28 under Part A for the expression "(c)" of the expression "(f)";
- (b) the insertion in item 75 under Part A after the word "energy" of the word "charge"; and
- (c) the substitution in the second paragraph of item 8 under the heading "II. GENERAL CHARGES" under Part B in the Afrikaans text in the fourth line for the word "is" of the word "nie".

PB. 2-4-2-36-3

Administrator's Notice 1219 23 September, 1981

CORRECTION NOTICE.

CARLETONVILLE MUNICIPALITY: CLEANSING SERVICES BY-LAWS.

Administrator's Notice 1036, dated 2 September, 1981, is hereby corrected as follows:

- 1. By the substitution in paragraph 1(i) of the Afrikaans text for the figure "R21,02" of the figure "R21,00".
- 2. By the substitution in paragraph 3 of the Afrikaans text for the figure "R6,11" of the figure "R6".

"TARIEF VAN GELDE.

1. Inwoners van die Munisipaliteit.

(1) Vir die oop- en toemaak van 'n graf:

- (a) Groot: R20.
- (b) Klein: R15.

(2) Bespreking van grafte, per graf:

- (a) Groot: R20.
- (b) Klein: R15.

2. Nie-inwoners van Munisipaliteit.

(1) Vir die oop- en toemaak van 'n graf:

- (a) Groot: R40.
- (b) Klein: R25.

(2) Bespreking van grafte, per graf:

- (a) Groot: R40.
- (b) Klein: R25.

(3) Die gelde betaalbaar ingevolge items 1(2) en 2(2) sluit nie die oop- en toemaak van 'n graf in nie."

PB. 2-4-2-23-67

Administrateurskennisgewing 1218 23 September 1981

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT PRETORIA: ELEKTRISITEITS-TARIEF.

Administrateurskennisgewing 952 van 19 Augustus 1981 word hierby verbeter deur —

- (a) in die tweede paragraaf van item 28 onder Deel A in die Engelse teks die uitdrukking "(c)" deur die uitdrukking "(f)" te vervang;
- (b) in item 75 onder Deel A in die Engelse teks na die woord "energy" die woord "charge" in te voeg; en
- (c) in die tweede paragraaf van item 8 onder die opskrif "II. ALGEMENE HEFFINGS" onder Deel B in die vierde reël die woord "is" deur die woord "nie" te vervang.

PB. 2-4-2-36-3

Administrateurskennisgewing 1219 23 September 1981

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE: REINIGINGSDIENSTEVERORDENINGE.

Administrateurskennisgewing 1036 van 2 September 1981, word hierby soos volg verbeter:

- 1. Deur in paragraaf 1(i) die syfer "R21,02" deur die syfer "R21,00" te vervang.
- 2. Deur in paragraaf 3 die syfer "R6,11" deur die syfer "R6" te vervang.

3. By the substitution in paragraph 8(a) for the figure "R115,00" of the figure "R115,90".

PB. 2-4-2-81-146

Administrator's Notice 1220 23 September, 1981

THE ESTABLISHMENT OF MANAGEMENT COMMITTEES FOR CERTAIN GROUP AREAS FOR THE COLOURED GROEP AND REGULATIONS AS TO THE CONSTITUTION OF SUCH COMMITTEES: AMENDMENT.

In terms of section 4 of the Local Government (Extension of Powers) Ordinance, 1962 (Ordinance 22 of 1962), the Administrator hereby, with the approval of the Minister, amends the Regulations relating to the constitution of Management Committees for certain Group Areas for the Coloured Group, promulgated by Administrator's Notice 912 of 4 August, 1976—

- (a) by the substitution in Regulation 23(1) for the words "to hear" of the words "to consider"; and
- (b) by the substitution, for paragraph (c) of Regulation 23 (3) of the following paragraph:

"(c) in the case of a claim, the court of revision has requested the claimant to appear before such court on a specified date, time and place, and the claimant on such date, time and place so appears; and".

PB. 3-2-5-2-2

Administrator's Notice 1221 23 September, 1981

ALBERTON MUNICIPALITY: RE-DIVISION OF WARDS.

The Administrator hereby makes known in terms of section 5(7), read with section 9, of the Municipal Elections Ordinance, 1970, the numbers and boundaries of the wards of the Alberton Municipality as determined by the Commission appointed by the Administrator in terms of section 4, read with section 9, of the said Ordinance and as set forth in the Schedule hereto.

PB. 3-6-3-2-4

SCHEDULE.

ALBERTON MUNICIPALITY: NUMBERS AND DESCRIPTION OF WARD BOUNDARIES.

WARD 1.

Commence at the north-western end of Andries Pretorius Street on Natalspruit; thence south-eastwards along Andries Pretorius Street up to approximately opposite Seventh Avenue where the municipal boundary links up with Andries Pretorius Street; thence north-eastwards and south-eastwards along the municipal boundary up to Radio Street; thence westwards along Radio Street up to the north-eastern corner of Stand No. 982, Alberton; thence southwards along the eastern boundary of Stand Nos. 982, 981 and 980, Alberton up to Jacoba Road; thence westwards along Jacoba Road up to the north-eastern corner of Portion 119 of the farm Elandsfontein No. 108 IR; thence southwards along the eastern

3. Deur in paragraaf 8(a) van die Engels teks die syfer "R115,00" deur die syfer "R115,90" te vervang.

PB. 2-4-2-81-146

Administrateurskennisgewing 1220 23 September 1981

DIE INSTELLING VAN BESTUURSKOMITEES VIR SEKERE GROEPSGEBIEDE VIR DIE KLEURLING-GROEP EN REGULASIES BETREFFENDE DIE SAMESTELLING VAN SODANIGE KOMITEES: WYSIGING.

Ingevolge artikel 4 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Uitbreiding van Bevoegdheide), 1962 (Ordonnansie 22 van 1962), wysig die Administrateur hierby, met die goedkeuring van die Minister, die Regulasies betreffende die samestelling van Bestuurskomitees vir sekere Groepsgebiede vir die Kleurlinggroep, afgekondig by Administrateurskennisgewing 912 van 4 Augustus 1976—

- (a) deur in Regulasie 23(1) die woorde "aan te hoor" deur die woorde "te oorweeg" te vervang; en
- (b) deur paragraaf (c) van Regulasie 23(3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) in geval van 'n aanspraak, die hersieningshof die aanspraakmaker versoek het om op 'n bepaalde datum, tyd en plek voor sodanige hof te verskyn, en die aanspraakmaker op sodanige datum, tyd en plek aldus verskyn; en".

PB. 3-2-5-2-2

Administrateurskennisgewing 1221 23 September 1981

MUNISIPALITEIT ALBERTON: HERINDELING VAN WYKE.

Die Administrateur maak hierby, ingevolge artikel 5 (7) gelees met artikel 9, van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970, die nommers en grense van die wyke van Munisipaliteit Alberton bekend soos bepaal deur die Kommissie wat deur die Administrateur ingevolge artikel 4, gelees met artikel 9, van genoemde Ordonnansie aangestel is en soos in die bygaande Bylae uiteengesit.

PB. 3-6-3-2-4

BYLAE.

MUNISIPALITEIT ALBERTON: NOMMERS EN BESKRYWING VAN WYKSGRENSE.

WYK 1.

Begin by die noordwestelike eindpunt van Andries Pretoriusstraat by Natalspruit; vandaar suidooswaarts langs Andries Pretoriusstraat tot ongeveer regoor Sewendelaan waar die munisipale grens by Andries Pretoriusstraat aansluit; vandaar noordooswaarts en suidooswaarts langs die munisipale grens tot by Radiostraat; vandaar weswaarts langs Radiostraat tot by die noord-oostelike hoek van Erf No. 982, Alberton; vandaar suidwaarts langs die oostelike grense van Erwe Nos. 982, 981 en 980, Alberton tot by Jacobaweg; vandaar weswaarts langs Jacobaweg tot by die noordoostelike

open for inspection at the office of the Town Clerk, Klerksdorp and at the office of the Director of Local Government, 11th Floor, Merino Building, cor. Bosman and Pretorius Streets, Pretoria.

